# Is God 'n Verbondsgod?

## Die aard van die verbond tussen God en die gelowige

J.L. Helberg
Dept. Ou & Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

**Is God a Covenant God? The character of the covenant between God and the believer**

*In an article "'Covenant Overload' in Reformed Theology" John Stek (1994) reasons that in Reformed theology the concept covenant has been abstracted and separated from the narrative (and historical) specificity of the biblical covenants and has become a theological "concept" utilized to "construe" the "nature" of the God-humanity relationship. This article ties in with Stek showing that God is neither called Covenant God nor described as such in the Old Testament. The unique character of the covenant(s) of God is also pointed out and it is concluded that the being of God neither solely implies God's covenant with his people nor the expansion of his kingdom.*

## 1. Inleiding

John Stek, afgetrede professor van die Calvin Theological College in Grand Rapids, wys in 'n artikel (1994:12-18) op die sentrale plek van die verbond in die gereformeerde teologie en op die steun wat hierdie benadering veral uit twee oorde gekry het. Eerstens het Eichrodt (1961/67) sy teologie van die Ou Testament om die verbondsbegrip gebou. Die verbond word in hierdie teologie gesien as die basiese metafoor vir die verhouding God-Israel (die mensdom) en dit raak en beïnvloed byna al Israel se religieuse gedagtes en praktyke. Tweedens is daar baie parallelle tussen Bybelse verbonde en ou Oosterse vasalverdrae ontdek. Stek (1994:12, 15, 25) sê dat in die gereformeerde teologie die verbondsluitinge tussen God en sy volk uit hulle historiese verbande losgemaak is en dat van die verbond 'n tydlose abstraksie gemaak is. Hierdie geabstraheerde verbondsbegrip word aangewend as 'n allesbeheersende "begrip" wat gebruik word om die "aard" van die verhouding tussen God en mens te "konstrueer". Selfs Skrifgedeeltes waarin daar nie van 'n verbond sprake is nie, soos die eerste paar hoofstukke van Genesis wat oor die skepping en die tuin van Eden handel, word in terme van die verbond gesien en verklaar; dieselfde geld ook vir die lede van die Godheid se verhouding tot mekaar (Stek, 1994:14-16, 21-25). Stek (1994:37, 39-41) stel dat die verbonde werktuie van koninkryksadministrasie was

en dat nie die verbond die beheersende saak in die Skrif is nie, maar die koninkryk van God.

In hierdie artikel word gedeeltelik by Stek aangesluit deur uit 'n ander hoek die saak te benader en aan te dui dat God nie in die Ou Testament 'n Verbondsgod genoem word of as sodanig geteken word nie. Samehangend daarmee sal ook gewys word dat die klem in benadering nie bloot moet verskuif van God as 'n Verbondsgod na God as 'n Koninkryksgod nie. Dat die koninkryk van God die sentrale tema is, is lankal reeds uitgewys (vgl. Bright, 1953; Dentan, 1972; Du Toit, 1969). Dit gaan egter in hierdie artikel nie bloot om die vraag of verbond of koninkryk die sentrale tema van die Ou Testament is nie, maar om die vraag of die tema reg benader en gehanteer word. Die volgende aspekte moet in gedagte gehou word: eerstens die persoonlike aard van die verbond(e) tussen God en sy volk, tweedens die skeppersmag van God en derdens die genade van God, insluitende sy eis om bekering. Al hierdie aspekte geld ook van die koninkryk van God.

## 2. Die verskillende verbondsluitings

Stek (1994:20, 24-26) wys daarop dat nóg alle koningskapsverhoudings nóg alle ander verhoudings deur 'n verdrag of 'n verbond gereël was. Verbonde het alleen tot stand gekom wanneer omstandighede twyfel laat ontstaan het oor die vereiste of beloofde gang van optrede. Die doel van "verbonde" was om 'n waarborg te verleen aan 'n verpligting (*commitment*) wat onderneem is. Hierdie waarborg was die sterks moontlike in die ou samelewingsorde: die bepaalde verpligting is onder die ondersoekende oog van die gode gebring. 'n "Verbond" was 'n gespesifiseerde verpligting/onderneming (*commitment*) versterk deur 'n selfvervloekende eed (vgl. ook Mendenhall, 1992:1179). God se verbonde met mense in die Skrif het na vorm en funksie die model gevolg van menslike verbonde wat algemeen in die ou Nabye Ooste gebruik is.[1]

Stek (1994:27-39) wys op belangrike verbondsluitings tussen God en sy volk en/of die mensdom: dié met Noag, dié met Abraham, dié by Sinai, dié met die priester Pinehas, dié met Dawid en die nuwe verbond – verbondsluitings wat uiteindelik in Jesus Christus vervul is. In die verbond met Noag het God 'n verbond met Noag en die hele mensdom gemaak waarin Hy sy oorspronklike

1 Vir die verskillende betekenisse van verbonde kyk Kutsch (1971:344-350); Weinfeld (1973:784-785); McCarthy (1973:1-9); Lion-Cachet (1977:5-102); Van Rooy (1977: 189-213); Freedman en O'Connor (1982:534-554), Human (1994:466). Vir 'n eskatologiese aspek van die verbond kyk König (1994:183-189). Kutsch se benadering van die Bybelse verbond(e) as verpligting laat nie die persoonlike aard van die verhouding wat deur die verbond(e) gewaarborg is, tot sy reg kom nie. Nicholson (1986:201, 211) stel tereg die bilaterale aard van die verbond.

seëninge (vgl. Gen. 1:22, 28; 9:1, 7) herhaal het (Stek, 1994:27-28).[2] Die belofte wat God hier gegee het, was onvoorwaardelik en blywend.

In die verbond met Abraham (Gen. 15, 17) staan die Goddelike gawe voorop (Stek, 1994:28-31, 39). Hierdie verbond het 'n basiese betekenis en die ander verbondsluitings wat volg, draai wesenlik om die vervulling van die belofte wat hierin vervat is (vgl. ook Lion-Cachet, 1977:165-169).

Verder is die verbond met Israel by Sinai (Eks. 19, 20) van baie groot betekenis in die Ou Testament (Stek, 1994:31-33). By die Sinaïtiese verbond word die Goddelike eis om gehoorsaamheid sterk gestel en die voorwaardelike aard van die verbondsluiting duidelik na vore gebring. Dwarsdeur die eeue wat gevolg het, het die suserein-vasalverbond van Sinai (vgl. ook Fensham, 1970:117) die basiese instrument gebly vir Jahwe se administrasie van sy koningskap oor Israel. By Sinai het niks wesenlik nuuts bygekom nie. Jahwe was reeds Israel se God, en Israel sy volk. Maar by Sinai het die koninkryk van God, wat lank reeds in wording was, finaal gebore geraak en is sy plek op die verhoog van die mensdom se geskiedenis ingeneem. "My verbond" verwys hier na die bepalings van Jahwe se koninkryksadministrering (vgl. verder Israel as 'n koninkryk van priesters; Eks. 19:5, 6). Stek gaan egter nie verder in op die gedagte van die koninkryk nie.

Vir ons doel hoef nie op die verbond met Pinehas en die priesterdom (Stek, 1994:33-35) ingegaan te word nie, maar kan volstaan word deur te kyk na die verbondsluitings wat algemeen as die bakens op die pad van Israel se geskiedenis in die Ou Testament gesien word. Wat die verbond met Dawid betref – dit het veral te doen met 'n blywende dinastie (2 Sam. 7). In hierdie verbond, net soos in die verbond met Abraham, staan die Goddelike gawe voorop (Stek, 1994:35-37).[3] Dieselfde geld van die nuwe verbond waarvolgens God self sy wet in sy volk se harte sal skrywe (Jer. 31:31-34; Stek, 1994:37-38; vgl. verder die kommentare).

Stek (1994:39) konkludeer onder andere dat verbonde buitengewone formele instrumente was waarmee koninkryksadministrasie uitgeoefen is – nie instrumente waarmee 'n koninkryk gevestig is nie. Verder funksioneer verbonde in die Bybel binne verhoudings maar hulle konstitueer nie verhoudings nie.

2 Kyk ook Westermann (1974:630) vir die andersoortige aard van hierdie "verbond" wat eintlik 'n belofte is.

3 Kyk ook verskillende artikels oor die troonopvolging van Dawid in *Old Testament Essays*, 84/85, 27/28; verder Hentschel (1992:1) oor die oewerlose literatuur oor 2 Samuel 7 en oor die samestelling van die hoofstuk.

## 3. God openbaar Hom nie as 'n Verbondsgod nie

Ons is nogal lief vir die term "Verbondsgod" of "God van die verbond" en sing ook daarvan in die kerk, volgens Totius se beryming van Psalm 146 (Ps. 146:8). In die Ou Testament self soek 'n mens egter tevergeefs na hierdie benaming. Die benaming ontbreek ook in die Skrifgedeelte waarin 'n mens dit die meeste sou verwag – dit is die gedeelte waarin God Homself aan Moses bekendstel met die naam Jahwe wat so sterk met die verbond verbind word (Eks. 3, 4). Hierdie ontbreek van die benaming "Verbondsgod" in die Ou Testament raak nie slegs die blote uitdrukking nie, maar veral die saak.

Aan die einde van Eksodus 2 word uitdruklik na die verbond van God verwys en dit word aan Abraham, Isak en Jakob gekoppel (Eks. 2:24, 25). In Eksodus 3 word die woord "verbond" wel nie gebruik nie, maar God verwys na dieselfde optrede van Hom waarmee Hy sy volk uit hulle ellende red en noem Homself ook daar "die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob" (Eks. 3:6-10). Hy herhaal hierdie benaming nog drie keer in hierdie twee hoofstukke (Eks. 3:15, 16; 4:5). Hier is dus 'n baie sterk verbandlegging met Abraham, Isak en Jakob met wie God sy verbond opgerig het. Verder is hier ewe-eens 'n uitdruklike vermelding van die verbond, maar sonder dat God die Verbondsgod genoem word.

Hierdie nie-gebruik van die naam Verbondsgod hang saam met die algehele andersheid van God wat in hierdie bekendstelling van God benadruk word. Moses moet byvoorbeeld by hierdie geleentheid sy skoene uittrek, want hy staan op gewyde grond (Eks. 3:5). Verder voldoen God nie direk aan Moses se versoek om te sê wat sy naam is nie, maar sê Hy: "Ek is wat Ek is" (Eks. 3:14). Verder sê Hy: "Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het My na julle toe gestuur". Dan volg:

> Verder sê God vir Moses: Jy moet nog vir die Israeliete sê: 'Jahwe die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur'. Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag (Eks. 3:15, 16).

Vir 'n bespreking van die naam Jahwe vergelyk Jenni (1971); Soggin (1971); Preuss (1991:158-164).

Uit hierdie manier van bekendstelling, soos gelees in die hele verband waarin dit gestel word, is dit duidelik dat God daarteen waarsku om Hom in 'n naam te omvat. Hy is uniek. Hy kan net in terme van Homself geken word. Hy kan nie in 'n begrip vasgevat of omlyn word nie; Hy is ondeurgrondelik en vrymagtig. Die naam Jahwe moet dus nie op sigself gesien word nie, maar in die nouste samehang met "Ek is" en "Ek is wat Ek is" en bevat nie waarde in sigself nie.

Die situasie insake die naam van God verskil dus van dié van Israel se tydgenote wat aan 'n god se naam 'n magiese krag toegeken het. Volgens hulle kon 'n mens deur middel van die naam van 'n god allerlei kragte uitoefen, soos om iemand te vervloek of te seën (vgl. Eichrodt, 1961:207).

Die aanduiding "die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob" word verbind met die aanduiding "die God van julle voorvaders".[4] Dit is opvallend dat God Homself hier in terme van sy verhouding met mense aandui, maar nie in terme van sy verhouding met die verbond nie. Hy maak Homself bekend as "die God van Abraham, Isak en Jakob", maar nie as "die God van die verbond" of iets dergeliks nie. Trouens, God word in die Ou Testament nie (behalwe deur heidene) die God van 'n ding of saak genoem nie – soos die God van Jerusalem of die God van Israel se land (vgl. Helberg, 1988:290). Vir Hom is sy verhouding met mense primêr en anders as sy verhouding tot dinge of plekke, of tot begrippe. Sy verhouding met mense is persoonlik en moet nie aan plekke, dinge of begrippe opgeoffer word nie. Die term "Verbondsgod" kan so 'n implikasie hê deurdat die gerigtheid vanaf 'n persoonlike verhouding verskuif na 'n meer formele, strukturele sfeer en saaklike, strukturele vereistes en gevolge, asof God meer in die verbond as saak belangstel as in die mens self.

God laat Hom nie in 'n ding/saak of in 'n begrip vasvat nie. Die klemtoon in hierdie gebeurtenis van God se selfbekendstelling aan Moses lê op God se historiese optrede, nie op 'n begrip oor wat Hy is of wie Hy is nie. Die klem lê daarop dat Hy Israel uit Egipte gaan verlos, in samehang met sy verbond met Abraham, Isak en Jakob, wat in verband gebring word met sy reddende optrede (Eks. 2:24, 25).

In die Goddelike selfbekendstelling as Jahwe lê die klem dus op God se enigheid en dat Hy net in terme van Homself geken word. Die klem lê nie op die naam as klank of die manier waarop die naam geskryf word nie. In die lig hiervan moet die woorde in Eksodus 3:15: "Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag", nie in absolute sin op die gesproke of geskrewe naam "Jahwe" betrek word nie. Die naam Jahwe het later in onbruik geraak. Dit kan nie net daaraan toegeskryf word dat daar te veel eerbied vir die Naam was om dit uit te spreek nie. Name soos God ( אֱלֹהִים) en Here (אֲדֹנָי ) het uiteindelik dieselfde funksie gaan vervul; vandaar dat die naam Jahwe nie meer in die Nuwe Testament voorkom nie, en dit terwyl die Nuwe Testament tog geen ander verkondiging oor God of oor die verbond bevat nie.

4 Hier hoef nie ingegaan te word op die opvatting van Alt (1953:1-78) oor "die God van die Vaders" en kritiek daarop, soos dié van Preuss (1992:4-6) nie, aangesien dit nie ons onderwerp wesenlik raak nie; vgl. ook Vriezen (1966:41).

In die lig van bogenoemde mag'n saak uitgemaak word vir die versoek dat die naam Jahwe in die 1983-Afrikaanse Vertaling onderskeidend vertaal moet word (vgl. byvoorbeeld die versoek van die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 1994:122-124), maar die grond mag nie 'n verbondsteologie wees nie. 'n Onderskeidende vertaling volg nie bloot die Masoretiese lesing nie. Hierdie lesing stel voor dat אֲדֹנָי (Here) gelees moet word in plaas van Jahwe. Die 1953-vertaling het ook die Masoretiese lesing gevolg en het dus nie met "Jahwe" vertaal nie, maar het die naam "Here" (אֲדֹנָי) met hoofletters weergegee (HERE) in 'n poging om te sê dat daar tog iets anders as אֲדֹנָי staan (vir probleme met hierdie vertaling, vgl. Helberg, 1986:160-163). 'n Verbondsteologie oorspan die betekenis van die naam Jahwe en ken aan hierdie naam 'n waarde toe waarteen God juis by die bekendmaking van Homself as Jahwe waarsku – soos reeds uiteengesit.

In God se selfbekendstelling aan Moses openbaar Hy dat daar 'n persoonlike verhouding tussen Hom en sy gelowiges bestaan. Verder openbaar Hy Hom as die God met skeppersmag deurdat Hy 'n kierie in 'n slang kan laat verander, melaatsheid kan laat ontstaan en genees en water in bloed kan verander (Eks. 4:1-9). Dit is Hy wat aan die mens 'n mond gee en wat stom maak, of doof of siende of blind (Eks. 4:11).

Verder openbaar God Hom aan Moses as 'n genadige God. Hy is geduldig met Moses wat onwillig is om sy opdrag te gaan uitvoer om Israel uit Egipte te lei. Moses het baie verskonings, maar God bly geduldig en dwing hom uiteindelik om dit te gaan doen (Eks. 3:11; 4:1-17). God benader die verbondsverhouding vanuit 'n genadige en lankmoedige gesindheid. Dit staan voorop, anders as by verdrae van konings met onderworpe nasies. Tog stel God sy eise om gesindheidsverandering, al moet Hy met volharding sy dienaar daartoe bring om sy opdrag op te volg.

Hierdie bogenoemde elemente is ook teenwoordig in die onderskeie verbondsluitings met Israel, soos verder aangedui sal word.

## 4. Die persoonlike aard van die verbond(e) tussen God en sy volk

Die verbond van God met Noag raak die mensdom in geheel maar het ook die heil van die enkeling op die oog. God eis rekenskap ten opsigte van die medemens (Gen. 9:5). Die mens staan in 'n besondere verhouding met God: hy is verteenwoordiger, beeld van God (Gen. 9:6). In hierdie uitdrukking word 'n mens se verhouding met God onder andere gesien as 'n Vader-kindverhouding (Gen. 5:1-3 gebruik die uitdrukking vir Adam se verhouding tot God en vir Set se verhouding tot Adam).

In die verbond tussen God en Abraham beloof God aan Abraham 'n land en verder 'n groot nageslag (Gen. 15:18; 17:2-8). Die kern waarom dit gaan, is egter die persoonlike verhouding tussen God en sy volk: "Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag ... en Ek sal hulle God wees" (Gen. 17:7, 8). Van Abraham se kant is daar 'n persoonlike vertroue in die Here: hy het "in die Here geglo" (Gen. 15:6).

Hierdie gedeeltes moet verder gelees word in die lig van die roeping van Abraham, waarin die persoonlike aard van die verhouding tussen God en sy volk nog sterker gestel word (vir die eenheid van hierdie gedeeltes vgl. Von Rad, 1963:150). Die roeping van Abraham is God se antwoord op die stad- en toringbou van die mensdom wat in Genesis 11 beskryf word. Hierdie poging tot 'n eenheid vir die mensdom is onpersoonlik van aard. God antwoord hierop deur 'n persoonlike middel daar te stel waardeur die mensdom 'n eenheid sal vorm. Hy gee nie in die plek van Babel 'n ander stad, byvoorbeeld Jerusalem nie, maar bewerk die eenheid deur die roeping van 'n persoon, Abraham. In hom sal al die nasies van die aarde geseën word (Gen. 12:3). Dit sal gebeur deurdat hulle die God wat vir Abraham seën, sal erken.

Ook die verbondsluiting by Sinai het 'n sterk persoonlike aard. Die verbondsluiting trek hier saam in die Tien Gebooie waarvan die kern is: die verhouding tot God en 'n mens se naaste (Eks. 20:1-17). In die voorafgaande hoofstuk word die aard van die koninkryk van God gestel: die koninkryk bestaan uit mense: Israel sal vir die Here 'n koninkryk wees wat Hom as priesters dien (Eks. 19:5, 6). Almal in Israel sal dus persoonlik toegang tot God hê (hierdie uitspraak slaan ook op 'n priesterlike taak van Israel ten opsigte van die nasies). Die persoonlike aard word ook benadruk deur God se woorde aan Israel dat Hy hulle uit Egipte op arendsvlerke gedra en "na My toe" gebring het (nie "na Sinai toe" nie, Eks. 19:4). Dít is ten diepste waarom dit in die verbond gaan: dat God sy volk na Homself toe bring.

In die hoofstuk waarin oor die verbond van God met Dawid gepraat word, word benadruk dat dit vir God nie om 'n onpersoonlike verhouding gaan nie, maar om 'n persoonlike verhouding. God verbied Dawid om vir Hom 'n tempel te bou. Daarmee waarsku Hy teen 'n poging om Hom te sien as 'n onpersoonlike God wat kulties beperk en in 'n tempel ingeperk is. Hy verwys na die feit dat Hy Israel uit Egipte gelei het (2 Sam. 7:6): Hy is die God wat die geskiedenis bepaal en lei. Verder verwys Hy daarna dat Hy vir Dawid agter die kleinvee weggeneem en hom 'n heerser oor Israel gemaak het (2 Sam. 7:8, 9): Hy is die God wat by 'n mens in die alledaagse lewe teenwoordig is en sy lewe rig. Verder sê Hy dat Dawid nie vir Hom 'n huis sal bou nie, maar Hy vir Dawid. God sal vir Dawid 'n seun gee wat in 'n besonder noue persoonlike verhouding met Hom sal staan: in 'n seun-Vaderverhouding (2 Sam. 7:12-16). Daarmee sê God dat Hy nie

in 'n gebou wil woon nie, maar in mense (Helberg, 1990:177, 178). Salomo word wel toegelaat om die tempel te bou, maar dan sal die prioriteit van die persoonlike verhouding vir alle tye duidelik uitgewys wees.

By die verkondiging van die nuwe verbond beklemtoon Jeremia die persoonlike verhouding tussen God en die lede van sy volk. Die verhouding met God gaan gepaard met persoonlike verantwoordelikheid vir 'n mens se dade. Mense sal in die bedeling van die nuwe verbond nie meer hulleself verontskuldig deur te sê: "Die pa's het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword" nie (Jer. 31:29-30). God sal dan sy woord op hulle harte skrywe en dit in hulle gedagte vaslê. Verder volg ook hier die mededeling oor die persoonlike verhouding: "Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees" (Jer. 31:33).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat die verbondsluitings tussen God en sy volk, anders as die verdrae tussen oorwinnaarvolke en oorwonne volke, persoonlik van aard is. Dit gaan om 'n ware persoonlike verhouding wat nie bloot uitwendig formeel van aard is nie, maar innerlik van aard. Die mens word in sy hart geraak. Hierdie verbondsverhouding is dus uniek. Die persoonlike aard van die verbondsverhouding gee aan hierdie verhouding ook 'n wederkerige karakter. God se verhouding met die mens veroorsaak en vereis 'n reaksie. Omdat die verhouding persoonlik is, kan dit nie eensydig bestaan nie; daarom stel God soms eksplisiete voorwaardes in verband met die verbond. Tog is die voorwaardes ten nouste met God se verhouding verbind en is die voorwaardes nie bloot onpersoonlik en juridies van aard nie. Die persoonlike aard van die verbond vrywaar teen verbondsoutomatisme aan die een kant en 'n formalistiese voorwaardelikheid aan die ander kant. Die verbondsverhouding is verder daarin uniek dat God Hom by die verbondsluiting op sy skeppersmag beroep en dat Hy verder praat van sy genade asook van die volk se bekering.

## 5. Die skeppersmag van God in die verbondsluiting(s) met sy volk/die mensdom

Die verbond met Noag kom tot stand wanneer God Hom betoon in sy skeppersmag om 'n vloed oor die aarde te bring en ook op grond van die belofte dat dit nie weer sal gebeur nie (Gen. 9:15). Verder spreek Hy die vrugbaarheid-seën oor die mense uit soos by die skepping (Gen. 9:1 vgl. 1:28) en dit word verbind met die bewoon van die hele aarde. Verder stel God al die diere op die aarde tot die mens se beskikking (Gen. 9:2). God beheer die hele skepping en Hy gee die reënboog as 'n teken van sy verbond (Gen. 9:13).

By die roeping van Abraham wat uitloop op die verbondsluiting, word gewys hoe God 'n heeltemal nuwe begin maak. Die lewenskragtigheid van die mensdom soos vergestalt in die lyn van die gelowiges uit Set verminder deurdat die mense al hoe jonger sterf. Uiteindelik loop die lyn selfs dood deurdat Abraham en sy

vrou Sara nie kinders het nie (Gen. 11:10-30). Tog roep God juis vir Abraham om hom 'n groot nasie te maak (Gen. 12:2); Hy roep nie vir Abraham se broer Nahor wat wel kinders het nie. Hierdie optrede teenoor Abraham is niks minder nie as 'n nuwe skepping, 'n skepping uit niks (vgl. Van Selms, 1967:177). God se opdrag aan Abraham om sy land en familie te verlaat en sonder hulle beskerming die reis na 'n nuwe land aan te durf, het verder vir daardie tyd beteken dat Abraham moes wegtrek met geloof in die lewewekkende mag en beskerming van God teen die gevare op daardie pad. In die gedeelte oor God se verbond met Abraham word God se wondervolle mag voorts geteken deurdat Hy uit die kinderlose Abraham 'n seun gebore sou laat word (Gen. 15:2, 18; vgl. ook 17:1-7).

Die uittog uit Egipte word verbind met God se magtige wonders in die natuur – wonders waarin God sy mag oor die Egiptiese gode betoon en Homself as Skepper en Onderhouer van alle dinge bewys (Eks. 4-12). Die uittog vind sy hoogtepunt in die verbondsluiting by Sinai. God bring vir Hom op wonderbaarlike manier 'n volk tot stand (Eks. 19:4-6). In die vierde gebod word in Eksodus die hoedanigheid van God as Skepper uitdruklik gestel, en daarmee sy seggenskap oor die mens se hele lewe (Eks. 20:8-11). In Deuteronomium word die onderhouding van die sewende dag nie vanuit die skeppingswerk van God gemotiveer nie, maar vanuit sy verlossingswerk deurdat Hy Israel uit Egipte red (Deut. 5:15). Ook hier word verwys na die magtige dade van God. Dit het skeppingsmag van God geverg om Israel te verlos.

By God se verbond met Dawid (2 Sam. 7) word verwys na die uittog uit Egipte en word daarmee al die aspekte wat hierbo in hierdie verband bespreek is, aangesny. God verwys ook na Homself as Jahwe Sebaot (2 Sam. 7:8) – 'n benaming wat Hom hier aandui as die Almagtige (Goslinga, 1962:110). In sy reaksie op God se belofte sluit Dawid hierby aan wanneer hy God as die enigste God roem en telkens praat van wat die Here "vir altyd" vir Israel sal doen en dat sy Naam "vir altyd" groot sal wees (2 Sam. 7:24-29). Die Hebreeuse woord עוֹלָם het in die lig hiervan 'n wyer betekenis as net "vir altyd" en dui die blywende of ewige verhouding aan tussen God en Dawid, die ewige verbond. Alleen God, die enigste God en Skepper, kan so absoluut oor verbondsbeloftes praat.

Ook in die tekening van die nuwe verbond speel die skeppershoedanigheid van God 'n belangrike rol. Net soos in 2 Samuel 7 word God hier "die Here die Almagtige" genoem (Jer. 31:23, 35). Hierdie naam word hier direk verbind met God se absolute beheer oor die skepping: die son, die maan en die sterre. God se liefde vir sy volk is so vas en onveranderlik soos die skepping (Jer. 31:35, 37). As Skepper is God by magte om meer te doen as net sy wet uitwendig vir sy volk te gee. Sy volk het daardie wet en sy verbond verbreek, maar God bly getrou.

Hy gee 'n nuwe verbond: Hy sal sy Woord in hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê (Jer. 31:32, 33). Esegiël bring die nuwe verbond in verband met die lewewekkende krag van die Gees van God; Hy maak van 'n kliphart 'n hart van vleis (Eseg. 36:26, 27; vgl. ook 37:14).

## 6. Die genade van God in die verbondsluitings, insluitende sy oproep tot bekering

By die verdrae tussen oorwinnaar en oorwonne nasies word die verpligting van die oorwonnene sterk benadruk. Daar word nie begin met 'n verwysing na die oorwinnaar se genade teenoor die oorwonnene se wesenlike en voortdurende neiging om 'n oortreder te wees wat net van die oorwinnaar se vergewing kan leef nie. So 'n beklemtoning sou trouens die grond onder die eïs van die oorwinnaar se voete wegneem. By die Goddelike verbond(e) is dit egter anders. Hier staan die genade van God op die voorgrond. Tog sluit dié genade 'n oproep tot bekering in. Hierdie bekering rus egter op die Goddelike genade en vergewing.

Die verbondsluiting met Noag word beheers deur God se genade aan die mensdom wat selfs na die sondvloed nog sondig is. God gee die reënboog as blywende teken dat Hy nie weer die aarde deur 'n vloed sal vernietig nie (Gen. 9:9-17). Tog vereis God 'n lewenswyse wat respek toon vir die lewe van mense en diere, en daarom sal Hy 'n vergryp teen lewende wesens straf (Gen. 9:4-6).

By die roeping van Abraham word God se genade en die eis dat Abraham hom moet bekeer, veronderstel: hy word beveel om uit sy land en sy familie weg te trek en 'n nuwe begin te gaan maak. Abraham se onverdienstelikheid word benadruk deurdat dieselfde hoofstuk van sowel sy roeping as sy gebrek aan geloofsvertroue vertel. Omdat hy bang is die farao sal hom doodmaak om Sara as vrou te kry, vertel hy 'n leuen aan die farao en sê hy dat Sara sy suster is (Gen. 12:11-19). Abraham behoort tog te besef het dat die belofte van God inhou dat hy sal bly lewe sodat die kind van die belofte gebore kan word.

By die verbondsluiting volgens Genesis 17 betoon Abraham hom ook klein-gelowig deurdat hy meen dat hy kinderloos sal sterf (Gen. 17:2). Hierdie geskiedenis wys dat God sy dienaar met geduld moet dra en tot volharding in die geloof in God se verbondsbeloftes moet bring. Daarvoor leer God hom deur middel van die sterre in die natuur om op God te vertrou en Hy gee sy verbond as 'n vaste bewys vir hom en sy nageslagte. So word hy ook van God se beskerming verseker (Gen. 15:1, 5, 18), maar God stel ook die eis dat sy verbond gehou moet word. Die verbondsbreker sal verteer word (Gen. 15:17). Genesis 16 vertel van Sara en Abraham se gebrek aan volhardende vertroue in die verbondsbelofte van God insake die geboorte van Isak; daarom verwek Abraham 'n erfgenaam by Sara se slavin. God is getrou aan sy verbondsbeloftes en

genadig teenoor die kleingelowige draers van die verbond (Gen. 17:1-7); tog stel Hy steeds sy eis dat Abraham opreg moet lewe (Gen. 17:1).

Ook by die gebeurtenis van die uittog uit Egipte en die verbond wat gesluit word, staan God se genade aan 'n onverdienstelike volk voorop. Israel is nie gewillig om die uittog te onderneem nie en kom in opstand teen Moses – en telkens weer gedurende die woestynreis (Eks. 5:21; Num. 10-14, 20). Ook Moses self wou nie die uittog onderneem nie, maar moes deur die Here daartoe gedwing word (Eks. 3, 4). Dat Israel uit genade gered is en nie uit verdienste nie, is verder daaruit duidelik dat Israel nie deur die tiende plaag oorgeslaan is nie, behalwe as hulle bloed van die paaslam aan hulle deurkosyne gesmeer het (Eks. 12). Hulle verdien dus die dood net soos die Egiptenaars, maar word begenadig deur God deurdat hulle in Hom glo en doen wat Hy beveel. Die loskoop van die eersgeborenes van Israel bly steeds 'n herinnering aan hierdie onverdiende verlossing (Eks. 13:13) en is tegelykertyd 'n blywende oproep tot bekering. Die gebeurtenis van Israel se sonde met die goue kalf tydens die verbondsluiting by Sinai onderstreep hierdie feit van Israel se onverdienstelikheid en die eis om bekering en onderhouding van die verbond. Israel word ook uitdruklik daartoe opgeroep in Eksodus 19:5, 6.

Die gebeurtenis van God se verbondsluiting met Dawid (2 Sam. 7) onderstreep ewe-eens die onverdienstelikheid van die een met wie God 'n verbond aangaan. Trouens, God se verbod op Dawid se voorgenome tempelbou is 'n korrektief op Dawid sowel as op die profeet Natan wat aan Dawid se voorneme sy goedkeuring geheg het. Hierdie optrede van God wys dat alle menslike gedagtes en beplanninge afgelê moet word en dat alleen op die korrektiewe woord van God ag geslaan moet word. God se genade en liefde word onderstreep in die tekening van sy liefdevolle verhouding teenoor die seun van Dawid met wie die verbond dwarsdeur die geslagte sal voortgaan (2 Sam. 7:12-19).

Ook die nuwe verbond word verbind met die onverdienstelikheid van Israel, die genade van God en die eis om bekering. In sy genade gaan God die lot van sy volk verander (Jer. 30:18). Hy gaan hulle bring tot die behoefte aan bekering: "Ek het duidelik gehoor hoe Efraim kla: 'U het my gestraf, ek is ingebreek soos 'n kalf wat mak gemaak is. Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God'" (Jer. 31:18). Die hele belofte van die nuwe verbond word gedra deur die verwagting van Goddelike vergifnis:

> Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. 'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: 'Jy moet die Here dien' nie, want hulle almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie (Jer. 31:33, 34).

## 6. Gevolgtrekking

Uit bostaande blyk dat die verbondsluiting tussen God en sy volk persoonlik van aard is in die sin dat 'n persoonlike verhouding wat in 'n ooreenkoms vasgelê word, nie 'n bloot onpersoonlike verbintenis of verpligting nie. Die verbondsluiting vereis verder Goddelike skeppende mag en is lewewekkend. Ook is die verbondsluiting gegrond in God se genade en bekering word geëis.

'n Verbond word tot stand gebring waar gevaar dreig dat die verhouding in gedrang kan kom. Dat die verhouding tussen God en die mens inderdaad wesenlik aangetas is, blyk veral uit die geskiedenis van die mensdom in die tyd van Noag. 'n Verbondsverhouding is absoluut noodsaaklik. Verder bring ongunstige historiese omstandighede hierdie verhouding van tyd tot tyd in gedrang en gee aanleiding tot nuwe verbondsluitings, wat in wese egter vernuwings van dieselfde verhouding is.

Die unieke en persoonlike aard van die verbond en sy verdere eienskappe wys dat hierdie verbond van God wesenlik anders is as die verbond(e) wat oorwinnaarkonings met onderworpe konings gesluit het. Laasgenoemde verbonde was eintlik onpersoonlike, juridiese verdrae eerder as verbonde. Wanneer die verbond so persoonlik gesien word, eerder as 'n verdrag of kontrak, dan verskil dit ook nie baie van die koninkryk van God nie, mits ook die koninkryk persoonlik gesien word. Die koninkryk gaan in kern nie om 'n ryksgebied of 'n ding of saak nie, maar om God se verhouding met mense, soos met Dawid se seun (2 Sam. 7). Dit is 'n koninkryk waarin dit in die eerste plek gaan om God se heerskappy in mense, soos in verband met Eksodus 19:5-6 bespreek is (vgl. ook die verklaring van die Heidelbergse Kategismus vraag 123 oor die bede "Laat u koninkryk kom").

Net soos die verbond tussen God en sy volk wesenlik anders is as dié tussen oorwinnaarkonings en oorwonnenes, so is ook die koninkryk van God wesenlik anders as aardse koninkryke of koningskappe. Die koninkryk van God is nie op die lees van 'n aardse koningskap geskoei, soos byvoorbeeld dié van Dawid nie. (Die andersins uitstekende boek van Bright [1953] het die leemte dat hy in hierdie verband die betekenis van die koningskap van Dawid oorbeklemtoon en daarmee die klem te veel laat val op 'n strukturele aspek in die koninkryk, in plaas van op die persoonlike verhouding. Hierdie benadering gaan trouens in teen die grein van Bright se eie benadering in die res van die boek; vgl. Helberg, 1995:10.) Hoewel die koningskap van God 'n belangrike begrip in die Ou Testament is, word God selde met hierdie benaming aangedui (vgl. Soggin, 1971:914, 915). Die koningskap was 'n laat en sekondêre instelling in Israel. Die wesenlike aspekte van Israel as volk van God was al vasgelê voordat Israel 'n koning gehad het (bv. die verbondsverhouding met God en die wet). Na die ballingskap verloor die Israelitiese koningskap prakties sy betekenis en gaan die openbaring feitlik

onaangetas voort. Die koninkryk begin wesenlik reeds by die skepping, sonder instellings, ampte, ensovoorts en dit raak God se heerskappy oor die mens op so 'n manier dat dit persoonlike erkenning by die mens teweegbring.

In die koninkryk gaan dit om God self en die persoonlike verhouding met Hom – Hy wat net in terme van Homself geken kan word, Hy wat is wat Hy is. Hy word nóg as 'n Verbondsgod nóg as 'n Koninkryksgod geteken. Selfs die naam Jahwe wat so nou met sy verbondsverhouding verbind was, is later deur ander name verdring. Nóg verbond nóg koninkryk mag verabsoluteer word asof God en sy optrede volledig daarin vervat is en daaruit verklaar kan word. Dan word Hy in die begrippe *verbond* en *koninkryk* ingeperk en daaraan ondergeskik gemaak. Israel het dit inderdaad gedoen: God self is prakties deur die verbond verdring en Israel het vir hulleself 'n outomatiese redding in 'n geïnstitusionaliseerde verbond gesien – iets wat veral deur die profete baie skerp veroordeel is (bv. Jes. 1; Jer. 7; vgl. ook Oosterhoff, 1973:29). Hierdie verdringing van God deur die verbond het andersyds gemaak dat Israel wanhopig geraak het by die besef dat hulle die verbond verbreek het (vgl. byvoorbeeld Jes. 40:27).

God is self die grond vir sy optrede. Hy is wat Hy is. Hy is almagtig en vrymagtig. Hy word geken aan sy algehele inisiatief in alle verhoudings en gebeurtenisse. Ook word Hy geken aan sy skeppende en lewewekkende mag en genade wat 'n nuwe begin maak waar dinge in duie stort – sy mag en genade wat ook sy eis van gehoorsaamheid handhaaf en dit selfs self tot stand bring (Eks. 3). Israel was so ontrou aan God dat hulle hulle uiteindelik nie meer op die verbond kon beroep vir redding nie. Die verbond het eerder 'n grond vir hulle vernietiging geword. Tog sluit God dan 'n nuwe verbond met hulle waarin vergifnis op die voorgrond staan (Jer. 31:31-34). Die profeet Esegiël vat die kern van die profetiese benadering saam wanneer hy sê dat God dit ten diepste nie ter wille van hulle doen nie, maar ter wille van Homself (Eseg. 36:22, 23). Hy is self die oorsaak, grond en doel van sy optrede.

Verbond en koninkryk is wel baie sentrale begrippe in die Ou Testament, want daarmee kry 'n mens 'n greep *op* God se verhouding met mense en met sy skepping, maar, anders as 'n stoeier wat iemand in sy greep kry en hom dan in sy beheer het, kry jy Hom en sy optrede nie *in* jou greep nie. God laat Hom nie in 'n mens se greep kry deur Hom aan 'n verbonds*begrip* of koninkryks*begrip* ondergeskik of diensbaar te maak nie. Hy is soewerein, vrymagtig, onvergelyklik en daarom in wese onomskryfbaar. Watter sentrale naam of begrip 'n mens ook al hanteer, 'n mens kan Hom uiteindelik slegs bewonder en aanbid in sy onpeilbare Goddelike misterie, stamelend dat Hy is wat Hy is.

## Bibliografie


ALT, A. 1953. Der Gott der Väter. (*In* Alt, A. Kleine Schriften zur Geschichte des Volkes Israel. I. München : Beck'sche Verlagsbuchhandlung. p. 1-78.)

BRIGHT, J. 1953. The Kingdom of God. New York : Abingdon.

DENTAN, R.C. 1972. The Kingdom of God in the Old Testament. (*In* Layman, C.M. The interpreter's one-volume commentary on the Bible. London : Collins. p. 1159-1166.)

DU TOIT, S. 1969 Openbaringsgeskiedenis van die Ou Testament Potchefstroom : Pro Rege.

EICHRODT, W. 1961/1967. Theology of the Old Testament. I/II. London : SCM.

FENSHAM, F.C. 1970. Exodus. Nijkerk : Callenbach. (P.O.T.)

FREEDMAN, D.N. & O'CONNOR, P. 1982. יהוה *JHWH.* (*In* ThWAT. III. Stuttgart : Kohlhammer. p. 534-554.)

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA. 1994. Handelinge van die vyf-en-dertigste Nasionale Sinode. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GOSLINGA, C.J. 1962. II Samuel. Kampen : Kok. (C.O.T.)

HELBERG, J.L. 1986. Die vertaling van die name van God. (*In* Van der Walt, Jan J. *red* In ons eie taal: Die waarde en gebruik van die 1933/53 en 1983 Afrikaanse Vertaling van die Bybel. Wetenskaplike Bydraes. M 1. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, PU vir CHO. p. 157-164.)

HELBERG, J.L. 1988. Die selfbekendstelling van God in Eksodus 3 en die betekenis daarvan vir vandag. *Koers*, 53(3):280-304.

HELBERG, J.L. 1990. Waarom Jahwe weier dat Dawid vir Hom 'n tempel bou. *In die Skriflig*, 24(2):167-183.

HELBERG, J.L. 1995. The Lord reigns: revelation history of the Old Testament. Potchefstroom : Central Publications, PU for CHE.

HENTSCHEL, G. 1992. Gott, König und Tempel: Beobachtungen zu 2 Sam 7,1-17. Leipzig : Benno. (Erfurter Theologische Schriften.)

HUMAN, D. 1994. Die begrip "berit": enkele *forschungsgeschichtliche* perspektiewe. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 35(4):458-469.

JENNI, E. 1971. יהוה *Jhwh* Jahwe. (*In* THAT. I. München : Kaiser. p. 701-707.)

KÖNIG, A. 1994. An outline of a contemporary covenant theology. *Calvin Theological Journal*, 29:180-189.

KUTSCH, E. 1971. בְּרִית *b<sup>e</sup>rit* Verpflichtung. (*In* THAT. I. München : Kaiser. p. 339-352.)

LION-CACHET, F.N. 1977. Die kontinuïteit van die Abrahamitiese verbond in die opset van die Sinaïtiese verbond. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

McCARTHY, D.J. 1973. Old Testament covenant: A survey of current opinions. Oxford : Blackwell. (Growing Points in Theology.)

MENDENHALL, G.E. 1992. Covenant. (*In* The Anchor Bible Dictionary. I. New York : Doubleday. p. 1179-1202.)

NICHOLSON, E.W. 1986. God and his people; covenant and theology in the Old Testament. Oxford : Clarendon.

*OLD TESTAMENT ESSAYS*. 1984/1985, 27/28. Studies in the succession narrative.

OOSTERHOFF, B.J. 1973. De beloften aan de aartvaders. *Verkenning en bezinning*, 7(3):1-48. Kampen : Kok.

PREUSS, H.D. 1991/92. Theologie des Alten Testaments. I/II. Stuttgart : Kohlhammer.

SOGGIN, J.A. 1971. מֶלֶךְ *maelaek* König. (*In* THAT. I. München : Kaiser. p. 907-920.)

STEK, J.H. 1994. "Covenant overload" in Reformed Theology. *Calvin Theological Journal*, 29:12-24.

VAN ROOY, H.F. 1977. 'n Vergelyking van die struktuur van die buite-Bybelse staatsverdrae – met besondere aandag aan die Sefire-verdrae – met die struktuur van Deuteronomium. Potchefstroom : PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

VAN SELMS, A. 1967. Genesis. 1. Nijkerk : Callenbach. (P.O.T.)

VON RAD, G. 1963. Genesis. London : SCM. (Old Testament Library.)

VRIEZEN, Th.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen : Veenman.

WEINFELDT, M. 1973. בְּרִית *b^e^rit*. (*In* ThWAT. I. Stuttgart : Kohlhammer. p. 781-808.)

WESTERMANN, C. 1974. Genesis I. Neukirchen-Vluyn : Neukirchener Verlag. (Biblischer Kommentar.)